**God alleen kan jou bevry van die verganklikheid van hierdie lewe**

**Lees: Psalm 49** **Teks: Psalm 42: 13 + 16**

Geld is die woord wat op almal se lippe is vandag. Dit is die een ding waarna almal strewe. Ongelukkig is dit so dat geld slegs een van die dinge is wat maak dat mense nie meer hulle aandag op God rig nie. God is met ander woorde nie meer die belangrikste persoon in die wêreld se lewe nie.

Psalm 49 praat spesifiek oor die rykes en hulle wat as vooraanstaandes in die samelewing gesien word omdat hulle baie geld het. Dit gebeur so maklik dat die rykes naderhand die onderdrukkers word. Hulle hou nie rekening met die dood nie, want die dood is die een ding wat alles tussen ryk en arm, onderdrukker en onderdruktes gelyk maak.

Die Psalm digter kom in hierdie gedeelte en hy spreek almal in die volk aan. Hy verwys na almal en nie een moet dink dat hy uitgesluit is nie. In vers 6 -7 praat hy van onheil en geregtigheid van hulle wat hy noem “onderkruipers” die wat vertrou op hulle vermoë en hulle beroem op die grootheid van hulle rykdom. Hulle wat niks met God te doen wil hê nie. Hy vra waarom moet ons ons kwel oor hierdie soort mense.

In die lewe vandag word daar na die rykes en die onderdrukkers opgesien. Hulle word beskou as hoog geplaasdes op grond van hulle rykdom. As hulle praat dan luister almal. Maar waarom? Wat maak geld van jou?

Die rede vir hierdie vraag is dat as rykdom en geld an sekere toetse blootgestel word dan mislik dit heeltemal. Verse 8 -10 leer ons dat geld nie die toets van die dood kan deurstaan nie. Daar is nie genoeg geld in die wêreld om jou los te koop van die dood nie. Dit kan nog verder ook nie jou loskoop van die sonde sodat jy ewig kan lewe nie.

Wanneer rykes of armes, wyses en onverstandiges sterf, is almal dood. Dieselfde lot tref almal. Almal vergaan en jy kan niks saam met jou neem nie.

In die lewe vandag is dit so dat mense nie die lewe geniet nie, want daar is nie genoeg geld nie. Daar word allerhande pogings aangewend om te kyk hoeveel geld gemaak kan word. Die oortyd wat gewerk word om op te maak vir die tekorte in die huis, of die korrupsie wat plaasvind om mense se sakke vol te maak. Wat ly daaronder? Jou huisgesin, jou verhouding met die Here, en jou kerkbesoek. Sien die Kerk iets van daardie geld? Nee! Dit word gebruik vir mense se eie plesier. Dan vertel vers 15 ons, dit is die opregtes wat oor hulle heers.

Wie is die gelukkiges met ander woorde? Hulle wie se aandag nie op geld, besittings en rykdom gerig is nie. Die opregtes is die gelukkigstes op aarde want vers 16 leer ons dat God my siel loskoop van die mag van die doderyk en Hy neem my op.

Ja so ook vandag. Jesus Christus se dood aan die kruis, is die enigste betaling wat ontvang is vir die verlossing van die dood en die sonde. Dit was die losprys, en alleenlik deur die geloof kan jy deel daarin. Sy bloed is die enigste manier om die dood vry te spring.

Waarop vestig jy jou aandag in die lewe? Wat is vir jou die belangrikste in die lewe? As jy agterkom dat die Here nie meer die oorheersende rol in jou lewe speel nie dan weet jy dat jy besig is om te dwaal.

Die Bybel leer ons dat ons nie God en mammon kan dien nie. Paulus leer ons verder in Kolossense 3 dat jy jou gedagte moet rig op die dinge daar bo. Jou skat moet in die hemel wees en nie op die dinge hier op die aarde nie.

Dit is waar dat ons geld nodig het om van te lewe. Juis daarom werk ons. Dit is nog verder 'n Bybelse opdrag. Maar dit moet nie jou lewe oorheers nie. Inteendeel jou verhouding met die Here is veel belangriker. Daarom skryf Mattheus dat ons allereers die Koninkryk van God en sy geregtigheid moet soek en Hy sal al die ander dinge aan ons lewens toevoeg.
Amen.

**Ds. Neville Boy**
**12 November 2017**